Wes-Kaapse Regering

BETER TESAME.

# BELANGRIKE KENNISGEWING

## UITNODIGING VIR BEFONDSINGSAANSOEKE (VOORLEGGINGS) OM VIR DIE 2015/2016-BOEKJAAR EN DAARNA SEKERE GEMEENSKAPS- EN MAATSKAPLIKE ONTWIKKELINGSDIENSTE IN DIE WES-KAAP TE LEWER

Befondsingsaansoeke word ingewag van nie-winsgewende en ander kwalifiserende organisasies om sekere gemeenskaps- en maatskaplike welsynsontwikkelingsdienste namens die Departement te lewer, soos hieronder uiteengesit word:

- **Kinders en gesinne:** Kindersorg en beskerming, sorg en steun vir gesinne, MIV/Vigs, kinder- en jeugsorgsentrums.
- **Vroeëkindontwikkeling** en gedeeltelike sorgprogramme.
- **Spesiale programme:** Middelmisbruikbehandeling, vroeë intervensie en nasorgdienste, residensiële en nieresidensiële sorgprogramme vir ouer persone en residensiële en nieresidensiële sorgprogramme vir gestremdes.
- **Maatskaplike misdaadvoorkoming:** Proef- en afleidingsdienste, residensiële en nie-residensiële programme vir slagoffer-bemagtiging.
- **Gemeenskapsontwikkeling:** Jeugontwikkeling en volhoubare broodwinning.
- **Vennootskapsontwikkeling:** NRO- institusionele kapasiteitsbou.

Alle organisasies, met inbegrip van residensiële en nie-residensiële fasiliteite wat vir die 2014/15-boekjaar befonds is, wat van voorneme is om dienste aan die Departement te lewer, moet OOK befondsingsaansoeke indien.

Toepaslike nadere inligting, met inbegrip van meer gedetailleerde spesifikasies en kriteria vir elke kategorie diens wat hierbo verstrek is, asook die aansoekformaat, kan verkry word deur 0800 220 250 te skakel om die naaste kantoor vir die afhaal van vorms te bepaal, of deur die provinsiale webtuiste te http://www.westerncape.gov.za/dept/social-development te besoek.

**Let asseblief daarop dat slegs die korrekte 2015/16-befondsingsaansoekvorms gebruik moet word wat by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling verkry is.**

**Basiese kwalifiseringskriteria en voorwaardes wat op befondsingsaansoeke van toepassing is:**

- Registrasie ingevolge die Wet op Nie-winsgewende Organisasies, Wet 71 van 1997, of item 1 van Skedule 1 van die Maatskappywet, Wet 71 van 2008.
- Bogenoemde registrasies moet tans geldig wees en bewys van geldigheid moet by die befondsingsaansoek ingesluit word (d.w.s. organisasies wat nie geregistreer is nie, sal outomaties gediskwalifiseer word).
- As die voorlegging verband hou met 'n gespesialiseerde diens wat statutêre registrasie vereis, moet die organisasie bewys van registrasie lewer ingevolge die toepaslike wetlike vereistes.
- Bewese geskiedenis van die lewering van maatskaplike welsyns-/gemeenskapsontwikkelingsdienste binne die RSA.
- Ooreenkomstig die aansoekvorms moet duidelike mikpunte, lewering en uitkomste in befondsingsaansoeke weergegee word, en dit moet met die jaarlikse prestasieplan van die Departement strook.
- Befondsingsaansoeke moet verder geouditeerde of gesertifiseerde finansiële state van die aansoekorganisasie vir die vorige boekjaar insluit.
- Befondsingsaansoeke moet die aansoekorganisasie se interne moniterings- en evalueringsmeganismes verstrek en spesifiek die organisasie se bereidwilligheid verklaar om aan die Departement se tydsriglyne vir verslagdoening oor resultate te voldoen.
- Die befondsingsaansoek moet vir 'n program in die geheel geld, ongeag geografiese grense.
- Befondsingsaansoeke sal oorweeg word in ooreenstemming met die Wes-Kaapse regering se departement maatskaplike ontwikkeling se befondsingsbeleid vir NWO's (wat via http://www.westerncape.gov.za/sites/www.westerncape.gov.za/files/dsd_policy_on_funding_of_ngos_march_2014.pdf beskikbaar is).

**Belangrike inligting:**

**Die sluitingsdatum en tyd vir die indiening van voorleggings 18 Julie 2014 om 16:00.**

**Aansoeke moet duidelik as befondsingsaansoek, naamlik: Befondsingsaansoek vir 2015/16, gemerk word en na Privaatsak X9112, Kaapstad 8000, gepos word, OF**

**alternatiewelik moet aansoeke in gemerkte houers in die voorportaal van die Departement se hoofkantoor geleë te Koningin Victoria-straat 14, Union House, Kaapstad, geplaas word.**

**Geen elektroniese aansoeke sal aanvaar word nie.**

Vir administratiewe en tegniese steun, skakel die Department Maatskaplike Ontwikkeling

TOLVRY by 0800 220 250, of per e-pos aan:


Melanise Hindley Melanise.Hindley@westerncape.gov.za
Fiona Groenewald Fiona.Groenewald@westerncape.gov.za